Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2018

# AFRIKAANS HUISTAAL V3

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

*IAFRHL3*

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

   | | | |
   |---|---|---|
   | AFDELING A: | Opstel | (50 punte) |
   | AFDELING B: | Langer transaksionele tekste (2 x 25) | (50 punte) |

2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Beplan (met bv. ŉ breinkaart/diagram/vloeidiagram/kernwoorde, ens.), proeflees en redigeer jou werk. Die beplanning moet gedoen word VOOR die finale produk aangepak word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.

7. Bestee jou tyd soos volg:

   AFDELING A: ongeveer 90 minute
   AFDELING B: ongeveer 90 (2 x 45) minute

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

Kies EEN van die volgende onderwerpe/opdragte en skryf ŉ OPSTEL van 350–400 woorde.

1.1 **Só het ons vriendskap skeefgeloop.** **[50]**

1.2 2019! **[50]**

1.3 Hiersonder sou ek nie kon klaarkom nie. **[50]**

1.4 Skryf ŉ OPSTEL wat met die sin hieronder as SLOT eindig.
Jy moet dié slotsin in jou ANTWOORDEBOEK oorskryf.

Dít is hoekom Piet vandag nog nie met sy broer praat nie. **[50]**

1.5 Sosiale media beheer ons lewens. **[50]**

1.6 Bestudeer die prikkels hieronder en skryf ŉ OPSTEL oor EEN van die volgende prente. Skep jou eie titel.

1.6.1



[Uit: Google Images] **[50]**

Kopiereg voorbehou

1.6.2



[Uit: Getty Images] **[50]**

1.6.3



[Uit: Google Images] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

Kies TWEE van die volgende opdragte en skryf 180–200 woorde oor elk.

2.1 **INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy wil die vriendskap tussen jou en ŉ vriend(-in) beëindig.

Skryf ŉ **VRIENDSKAPLIKE BRIEF** aan hom/haar en gee die redes waarom jy die vriendskap wil beëindig. **[25]**

2.2 **INFORMELE VERSLAG**

As deel van ŉ liefdadigheidsprojek in Lewensoriëntering het jy en ŉ groep leerders die plaaslike ouetehuis in julle omgewing besoek.

Skryf die **INFORMELE VERSLAG** aan die Lewensoriëntering onderwyser(-es) oor julle besoek. **[25]**

2.3 **HULDEBLYK**

Julle predikant tree na jarelange diens af. As jeugleier word jy gevra om tydens die afskeidsdiens ŉ huldeblyk aan hom/haar te lewer.

Skryf die **HULDEBLYK**. **[25]**

2.4 **TYDSKRIFARTIKEL**

**EKSAMENKULLERY RAAK AL TEGNOLOGIES**

Skryf ŉ **TYDSKRIFARTIKEL** vir ŉ bekende tienertydskrif oor die bogenoemde onderwerp. **[25]**

2.5 **ONDERHOUD**

Jy het die geleentheid om ŉ onderhoud met die plaaslike wyksraadslid te voer oor die probleme wat jongmense in jou omgewing ondervind.

Skryf die **ONDERHOUD** tussen jou en die wyksraadslid neer. **[25]**

2.6 **FORMELE BRIEF: VERSOEK**

Jou skool se prefektegroep beplan ŉ kamp om spangees te bou. Ongelukkig het die skool nie die nodige fondse om die kamp te borg nie.

Skryf ŉ brief aan ŉ bekende winkelgroep waarin jy om donasies vra. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou